

Dinsdag 28 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 110 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 110:1, 4

Jesus Christus is ons ewige Priesterkoning!

Net die blote feit dat Psalm 110 veertien keer in die Nuwe Testament aangehaal word, moet vir ons sê dat ons hier met 'n baie besondere lied te doen het. Die priesterkoning van Psalm 110 word in die Nuwe Testament die Messias, waarin die beloftes verbind aan die huis van Dawid (2 Sam. 7) op 'n besondere wyse vervul word.

Psalm 110 kom uit die koningstyd van Israel. Dawid het hierdie lied geskryf vir die dag wanneer sy seun Salomo koning sal word. Maar in Israel was dit onmoontlik vir selfs iemand soos Salomo met al sy wysheid om tegelyk koning en priester te wees. Wat nog te sê van “ewige koning” en “Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek” (vs 4).

Die woorde van die Psalm styg dus uit bo 'n finale vervulling in die tyd van die Ou Testament self. Alleen Jesus kan volkome Priesterkoning wees! Want Hy alleen het die mag en gesag van God ontvang om te triomfeer (vs 1-2). As Priester het Hy nie bloot offerandes gebring nie, maar Homself vir ons as offer gegee (vs 3). Sy vyande, selfs die dood, die Bose en die hel het Hy verpletterend verslaan (vs 1). En nou, aan die regterhand van God ons Vader, tree Hy voortdurend biddend vir ons in en bring Hy sy versoeningswerk voor God, sodat ons heeltemal vry en rein voor God kan staan.

Alles is reg. God is ons Vader, en ons is sy kinders. Die skepping, wat skeefgetrek is as gevolg van die sonde, is in Jesus Christus herstel. Jesus Christus is waarlik ons Ewige Priesterkoning! Het jy Jesus Christus as Ewige Priesterkoning in jou hart gekroon?

Sing: Psalm 118-1:8

Dr. De Wet Saaiman (Krugersdorp)